7 Februarie 2023

Familienuus 430

[Sien skakel onderaan die dokument indien jy nie meer Familienuus wil ontvang nie.]

VANUIT DIE SINODEHUIS

My vroegoggend-oefening vat my deur die strate van ons omgewing. Dit bly spesiaal om te sien hoe 'n nuwe dag wakker word – en daarmee saam die verskeidenheid van mense: drawwers, herwinning-trollie-stoters, kinders by 'n skoolhek, huiswerkers wie se dag waarskynlik al kort na 3 uur begin het, sypaadjie-entrepreneurs waar die ontbyt-vuurtjie al brand, haastige bestuurders op pad werk toe, tannie Annie Bester wat papiere op die sypaadjie optel...

Elke mens word wakker met 'n storie. Ek wonder soms of ons in die kerk genoeg luister na hierdie stories. Vra ons genoeg waar hierdie mens en sy of haar unieke storie inpas in die koninkryk van God? Sy koninkryk is baie wyer as net ons gemeente. God se hart is baie ruimer as ons s'n.

Francois

GEMEENTES EN LERAARS

Dit gaan baie beter met **Frikkie en Rayline Coetzee** van **Lux Mundi** se dogter**, Andreia.** Sy is weer tuis na 'n groot terugslag wat haar geruime tyd in die hospitaal gehou het. Ons is dankbaar saam met die gesin...

PRODUKTE en TOERUSTING

Excelsus is die voertuig van die Teologiese Fakulteit waardeur leraars toegerus word. Hulle stuur telkens die bekendstelling van hulle kursusse na gemeentes en leraars uit. Gee asseblief goeie aandag hieraan. Hulle webwerf is www.excelsus.org.za . Die kursus Dink nuut oor jou bediening is vir leraars in die middelfase van hulle bediening.

Dalk kan julle gemeente betrokke raak by **Bybel-Media** se projek om leesstof vir kinders te voorsien...

Trauma Netwerk vertel ons van die geleentheid vir opgeleide beraders om deel van die netwerk te word.

'n **Jeug-fasiliteringwerkswinkel** word vir 11 Februarie beplan – vir almal wat op een of ander wyse met kinders en jongmense werk.

ONS PREDIKANTEKONFERENSIE

Ons maak weer so. Die week direk na Pinksterfees – **29 Mei tot 2 Junie** - gaan ons Skukuza toe vir ons jaarlikse asemskep en toerusting oor 'n aktuele onderwerp. Die Sinodale Diensraad finaliseer tans die spreker en tema vir 2023.

Die blyplek wat Sanparke vir ons groep reserveer, is beperk. Kontak dus dadelik vir Tersia by die Sinodehuis hieroor.

Aangeheg is die skrywe met inligting asook die inskryfvorm.

WÊRELDBIDDAG VIR VROUE

Op **3 Maart** word die Wêreldbiddag vir Vroue in Suid-Afrika gehou.

Dié Biddag is 'n wêreldwye ekumeniese beweging van Christenvroue, -mans en -kinders wat elke eerste Vrydag in Maart saam 'n gebedsketting in meer as 175 lande vorm. Dit strek oor grense en bind mense uit verskillende rasse, kulture en kerke tot groter onderlinge begrip en toewyding.

Die Wêreldbiddag vir Vroue bied vroue wêreldwyd verskeie geleenthede, onder andere om hulle geloof in Jesus Christus te bevestig. Dit bied gelowiges ook die geleentheid om versterk te word deur die geloofservaring van Christene uit ander lande en kulture. Ons geniet dan ook die voorreg om ander se laste te help dra deur saam met hulle en vir hulle te bid.

Die tema word elke jaar deur vroue van verskillende lande gekies. Die tema vir 2023, "*Ek het van julle geloof gehoor",* is gekies deur die vroue van Taiwan.

Kom ons as vroue neem die inisiatief om op 3 Maart by die werk, skool of in ons gemeente tyd af te staan om saam met vroue van oor die wêreld te verenig in gebed. Vir volledige inligting, *lees hier.*

UIT ONS SINODEHUIS

Onthou asseblief om die inligting op ons **webwerf** te benut www.sinoos.co.za .

Aan die begin van die jaar word daar oor **begrotings, vergoedingspakkette en personeel** gepraat. Ons webwerf het die nuutste inligting hieroor. Skakel ook gerus met Cathy Odendaal in die Sinodehuis.

Finansiële beamptes het reeds 'n skrywe ontvang waarin die Sinode aanbied om hand te gee met die **administrasie van vergoedingspakkette**. Heelwat gemeentes het aangedui dat hulle belangstel. Die Sinodehuis lewer graag hierdie gratis diens. Kontak vir Cathy Odendaal hieroor.

Die **Predikante en Amptenare Pensioenfonds** het verlede jaar 'n skrywe gestuur oor die reëlings dat elke gemeente as werkgewer met lede van die Pensioenfonds is sy diens, maandeliks R100 betaal om die begroting van die Pensioenkantoor te befonds. Baie dankie aan ons gemeentes wat dit reeds doen. Ons het nog 'n klompie gemeentes en CMR kantore, Rusoorde en verwante instansies wat

hierdie oorbetaling nie doen nie. Sal julle asseblief dadelik hieraan aandag gee Ons heg verlede jaar se skrywe weer hier aan. Die bankbesonderhede is ook in hierdie skrywe.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan elkeen wat tot 20 Februarie verjaar.

PREDIKANTE

11 Februarie - Marco La Grange, Lux Mundi
12 Februarie - Julian Olivier, Groblersdal
14 Februarie - Lieze Meiring, Elarduspark
16 Februarie - Christian Oberholzer, Elarduspark
20 Februarie - Fanie Venter, kerksondermure
20 Februarie - JZ De Jager, Nelspruit

EMERITI

8 Februarie - Jan Bisschoff, Skuilkrans 2009
9 Februarie - Pieter Badenhorst, Moreletapark 2020
14 Februarie - Albert Venter, Marble Hall 2017
15 Februarie - Dirkie van der Spuy, Moreletapark 2019
19 Februarie - Dawie Nieuwoudt, Witbank-Panorama 2016

GEMEENTES

17 Februarie - Skuilkrans (52)
19 Februarie - Lynnwoodrif (48)

Francois Retief
Uitvoerende Amptenaar
uitamp@sinoos.co.za

HIER IS ONS
STUUR ONS